# NG KERK VILJOENSKROON

## KONTRAKPOS: JEUGWERKER

Die NG Gemeente Viljoenskroon stel ‘n kontrakpos vir die bediening aan die jeug, binne die gemeente bekend.

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die organisering van jeugbediening van voorskoolse kinders tot jong volwassenes, in samewerking met die Kerkraad.

Met die oog daarop, sal die volgende eienskappe as positief deur die gemeente beskou word:

- Liefde vir God.
- Liefde vir en ‘n toepaslike kennis, van God se Woord.
- Liefde vir die NG Kerk.
- Verkieslik oor teologiese en/of jeugwerkerskwalifikasie beskik.
- Groot liefde en passie vir kinders, jongmense en jong volwassenes.
- ‘n Passie en gawe om kinders en jongmense te begelei, te betrek en te vorm om in ‘n verhouding met Jesus Christus te staan en hulle gawes as deel van die gemeente uit te leef.
- Verkieslik oor vaardighede beskik om tegnologie relevant te gebruik sodat die Evangelie doeltreffend aan kinders gekommunikeer kan word.
- Die administratiewe en logistieke reëlings van kampe, uitstappies, kategese, uitreike, jeuggroepe, projekte en eredienste, in samewerking met gawegroepe in die gemeente. Die begeleiding en uitbreiding van gawegroepe wat op die kinders gerig is in die gemeente.
- Goeie interpersoonlike verhoudings.
- Vermoë om in ‘n span te werk en leiding te neem.
- Identifisering en ondersteuning van pastorale- en maatskaplike gevalle.
- Beskik oor geldige bestuurderslisensie en eie vervoer.

**VERGOEDING:**

Gratis huisvesting wat water, krag en telefoonvoordele insluit, sal tot die kandidaat se beskikking wees. ‘n Vergoedingspakket van tussen R5 000 en R7 000 sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

**AANSOEKE:**

Alle aansoeke moet vergesel word van ‘n volledige CV met drie referente.

CV’s moet vergesel word van ‘n beskrywing van jou siening oor die rol van ‘n jeugwerker in ‘n plattelandse gemeenskap.

**Sluitingsdatum** vir aansoeke is 24 November 2017.

Kandidate moet beskikbaar wees vir ‘n onderhoud op Saterdag 2 Desember 2017.

Rig alle CV’s aan: ngviljoenskroon@telkomsa.net

Aanstellingsdatum: 17 Januarie 2018

Kontraktermyn: 17 Januarie 2018 tot 31 Desember 2018 (jaarliks daarna onderhandelbaar)

Navrae: Ds Dries Cronjé, 082 921 0435, of die Kerkkantoor by 056 343 2004 of 072 224 4431.

***Die Kerkraad behou hom die reg voor om geen aanstelling te maak nie.***